**Welkom by**

# Hoërskool Dr. E.G. Jansen, die voorkeurskool aan die Oos-Rand.

**‘n Jansie is :**

- Verantwoordelik
- Nederig
- Betroubaar
- Hardwerkend
- Regverdig
- Positief
- Standvastig in geloof

| | | |
|---|---|---|
| Posbus 25454<br>Oos-Rand<br>1462 | Tel : 011 826 1538<br>Tel : 011 826 1546 | epos@egjansen.co.za<br>www.egjansen.co.za |


## TOELATINGSVEREISTES

1. Die onderrigmedium van die skool is Afrikaans.
2. Leerlinge uit die natuurlike voedingsgebied van die skool sal met toelating voorkeur geniet.
3. Die ouderdom van 'n leerling mag nie een jaar oorskry van die gemiddelde ouderdom van die leerlinge in die graad waartoe toegang verlang word nie, tensy anders deur die Beheerliggaam goedgekeur.
4. Ouers of voogde moet onderneem om die finansiële verpligtinge, soos deur die Beheerliggaam bepaal, stiptelik na te kom.
5. Ouers of voogde en leerlinge onderneem om die skool se reëls te eerbiedig en na te kom.

## LEERDERBESONDERHEDE

Van ______ Voorletters ______ Noemnaam ______

Volle name ______ Leerder se sel ______

Geboorte-datum ______ Geslag ______ Graad waarvoor Ingeskryf word ______

ID-Nommer ______ Bevolkingsgroep (GDO-vereiste) ______

Naam van ouer by wie leerling woon :______

Naam van ouer wat korrespondensie kry: ______

Naam van ouer verantwoordelik vir die skoolrekening: ______

## BELANGRIKE MEDIESE INLIGTING IN GEVAL VAN NOOD

Naam van dokter ______ Telefoonnommer ______

Mediese Fonds ______ Lidnommer ______

## KONTAKPERSOON IN GEVAL VAN NOOD

Naam ______

Verwantskap tot leerder ______

Telefoon (H) ______ (W) ______ (Sel) ______

## KONTAKPERSOON (FAMILIE OF VRIEND)

Naam ______

Verwantskap tot leerder ______

Telefoon (H) ______ (W) ______ (Sel) ______

**Mediese inligting wat u onder die skool se aandag wil bring:**

______

**NB : Indien u kind se mediese inligting verander, onthou asb. om die skool in kennis te stel dat u vir alle mediese uitgawes verantwoordelik is.**

## UITNEMENDHEID EN VORIGE PRESTASIES

Hoogste graad geslaag: ☐ Datum geslaag: ☐ Skool waar geslaag: ☐

Hoeveelste keer word vir hierdie graad ingeskryf: ☐ Naam van vorige skool: ☐

**Noem topprestasies reeds behaal:**

Akademie: ☐

Kultuur: ☐

Leierskap: ☐

Sport: ☐

**Besonderhede van broers/susters wat reeds in Hoërskool Dr. E.G. Jansen is:**

Naam & van ☐ Graad ☐

Naam & van ☐ Graad ☐

Naam & van ☐ Graad ☐

## VAKKEUSES

Daar is 9 verpligte leerareas : Afrikaans (Huistaal), Engels (Eerste Addisionele Taal), Wiskunde (Wisk), Lewensoriëntering (LO), Tegnologie (Teg), Natuurwetenskappe (NW), Kreatiewe Kunste (KK), Sosiale Wetenskappe (SW), Ekonomiese- en Bestuurswetenskappe (EBW)

Vir waardetoevoeging moet een van die volgende keusevakke gekies word. Getalle bepaal watter keusevakke aangebied word:

| **KEUSEVAKKE: GRAAD 8 EN 9.** | | | |
|---|---|---|---|
| *** Kies slegs een<br>* Addisionele gelde word gehef<br>* Onderhewig aan aanvraag** | | | |
| Rekenaartoepassingstegnologie | | Sportkunde Hokkie | |
| Spyseniering en Toerisme | | Sportkunde Krieket | |
| Tegniese Tekene | | Sportkunde Netbal | |
| | | Sportkunde Rugby | |

| KEUSEVAKKE: GRAAD 10, 11 & 12 |
|---|

**VAKKEUSES** (merk met X)

| VERPLIGTE VAKKE | |
|---|---|
| Afrikaans Huistaal | X |
| Engels Eerste Addisionele Taal | X |
| Lewensoriëntering | X |
| **KIES EEN VAN DIE VOLGENDE TWEE VAKKE:** | |
| Wiskunde | |
| Wiskundige Geletterdheid (Gr 10, 11 & 12) | |
| **KIES ENIGE 3 VAN DIE VOLGENDE VAKKE:** | |
| Besigheidstudies | |
| Dramatiese Kunste | |
| Ekonomie | |
| Fisiese Wetenskap | |
| Gasvryheidstudies | |
| Geografie | |
| Geskiedenis | |
| Ingenieursgrafika & Ontwerp (IGO) | |
| Inligtingstegnologie | |
| Lewenswetenskappe | |
| Rekenaartoepassingstegnologie | |
| Rekeningkunde | |
| Toerisme | |
| Verbruikerstudies | |
| Visuele Kunste | |

## BESONDERHEDE VAN OUER / VOOG

**BIOLOGIESE MOEDER** : Van ______ Titel ______ Voorletters ______

Volle name ______ Noemnaam ______

ID-Nommer ______ E-posadres ______

Beroep ______ Werkgewer ______

Werkadres ______ Kode ______

Woonadres ______ Kode ______

Telefoon (Sel) ______ (W) ______ (H) ______

**BIOLOGIESE VADER** : Van ______ Titel ______ Voorletters ______

Volle name ______ Noemnaam ______

ID-Nommer ______ E-posadres ______

Beroep ______ Werkgewer ______

Werkadres ______ Kode ______

Woonadres ______ Kode ______

Telefoon (Sel) ______ (W) ______ (H) ______

Huwelikstaat ______ Indien ouers se adresse verskil, dui aan by wie die leerder woon ______

Alternatiewe woonadres ______ Kode ______

## LEWERANSIER VAN SKOOLDRAG

- The Peephole
  Markstraat 78 Tel : (011) 917-9685
  BOKSBURG (011) 892-4060

- School and Leisure
  K90-Winkelsentrum
  Noordrandweg
  BOKSBURG Tel : (011) 823-4055

# SKOOLREëLS

## 1. SKOOLTYE

| | | |
|---|---|---|
| Aanvang | : | 07:30 (leerlinge)<br>07:20 (personeel) |
| Verdaag | : | Maandag – Donderdag 14:00<br>Vrydag 13:30 |

By uitsondering mag hierdie tye verander word.

## 2. VOORKOMS VAN LEERLINGE

### A DOGTERS

**Hare** :

- Alle hare wat oor die onderste gedeelte van die kraag hang moet vasgemaak word.
- Geen regop-gespuite kuiwe nie. Kuiwe moet kort en netjies wees en geen slierte mag in die oë (m.a.w. oor wenkbroue) hang nie.
- Geen kleursel (tydelik of permanent) of ligstrepe, selfs met ouers se toestemming, is toelaatbaar nie. Dit sluit die wenkbroue in.
- Geen jel of "mousse" mag gebruik word nie.
- Slegs swart of rooi rekke/linte/bande in die hare. Nie blink materiaal of serpe/waaiers, ens. nie.
- Geen haarjuwele of -versierings word toegelaat nie.
- Geen hoogopgeskeerde nekke (under-cut) nie.
- Geen haarverlengstukke word toegelaat nie.
- Kort "*bob"*-hare moet uit die gesig gehou word met 'n knippie/haarband/*Alice band*.
- Kort hare moet netjies weggekam word en uit die gesig wees. Geen slierte nie.
- Hare wat bo-op die kop vasgemaak word, moet te alle tye netjies wees.

**Naels**

- Mag nie bo die vingerpunte wys nie.
- Geen gekleurde naelpolitoer word toegelaat nie.
- Geen uitsonderings vir bv. modelwerk of troues nie.
- Geen vals- ,jel- of akriliese naels nie.

**Grimering**

- Geen grimering of permanente grimering word toegelaat nie.

**Juwele**

- Slegs horlosies en *Medic Alert*-skyfies.
- Slegs een oorring per oor in die onderste gaatjie (Klein oorring of klein silwer/goue oorknoppie). Geen steentjies of dekoratiewe ringetjies nie.
- Geen plastiese vervangers om gaatjies oop te hou nie
- Geen tong- of neusringe nie.
- Geen sigbare tatoeëermerke nie.
- Slegs seëlringe mag gedra word.

PARAAF VAN OUER: 

## B SEUNS

**Hare**

- 'n Netjiese haarstyl word vereis.
- Kuiwe moet ten minste 3cm bokant die wenkbroue wees.
- Agter moet die hare kort wees en nie in "trappe" gesny wees nie.
- Aan die kante moet die hare nie aan die ore raak wanneer dit afgekam word nie.
- Hare mag nie langer as 30mm bo-op die kop wees nie.
- Hare moet ook so gekam word dat dit nie regop staan nie.
- Geen jel of haarstileringsmiddels mag gebruik word nie.
- Hare mag nie gekleur word nie.
- Geen vreemde haarstyle bv. mullet, mohawk, ens. is toelaatbaar nie.

**Skeer**

- Seuns moet te alle tye netjies geskeer wees, so nie, sal hulle by die skool skeer.
- Bakkebaarde moet gelyk met die oorgaatjie geskeer word.

**Juwele**

- Slegs horlosies en *Medic Alert*-skyfies.
- Geen tong-, neus- of oorringe nie.
- Geen armbande (rekkies of leer) en geen kettings nie - dit sal gekonfiskeer word.

## 3. SKOOLDRAG

- Voorgeskrewe skooldrag moet gedra word. Selfs na skoolure moet die uitnemende beeld van die skool uitgedra word.
- Winter- en somerskooldrag is by die leweransier beskikbaar.
- Geen sweetpakbaadjie of sportbaadjie mag saam met skooldrag gedra word nie.
- Gr. 8 – 11-leerders mag swart serpe dra, slegs Gr. 12 mag rooi serpe dra.
- Leerders dra die gestreepte (Chappies) skoolbaadjie.
- Slegs leerders wat meriete of erekleure verwerf het, mag die swart skoolbaadjie dra.
- Meriete- en erekleurebaadjies mag eers van graad 9 af gedra word.
- 'n Swart skoolbaadjie mag slegs aangekoop word indien die leerling 'n brief by die skool ontvang het as bewys dat hy/sy ere- of merietekleure ontvang het.

**DOGTERS**

**Skoene** : Swart leerskoolskoene met 'n bandjie oor die voet of veterskoene, maar geen skoene met wit stiksels nie.

**Kouse** : Somer: Kort wit skoolkouse wat netjies omgevou is en nie opgerol word nie. Winter: Swart ondeursigtige sykouse.

**Rokke** **:** Mag nie onder die gordel opgerol word om korter te vertoon nie.
Die rok mag nie korter as bo die knie wees nie.

PARAAF VAN OUER:

**Truie**

- Skooltruie mag met of sonder die skoolbaadjie gedra word.
- Geen knope mag in truie gemaak word om dit stywer te laat vertoon nie.
- Die amptelike Moulose oortrektrui mag gedra word.

**Loslitklere/Informele kleredrag**

- Geen onderklere mag wys nie.
- Geen kortbroeke, minirompies of spanbroeke mag gedra word nie.
- Geen laehalsbloese nie.
- Hare mag los gedra word.
- Baie ligte grimering is toelaatbaar.
- ‘n Jansen-dame lyk altyd netjies en keurig.

**SEUNS**

**Wintersdrag**

- 'n Grys langbroek, mosterdkleurige hemp met skooldas, skoolbaadjie, lang skoolkouse en swart leerskoolskoene. 'n Netjiese skooltrui kan onder die baadjie gedra word.
  **NB.** Geen langbroek se broekspype mag afgewerk word sodat dit nouer en styfpassend om die bene sit nie.

**Somersdrag**

- 'n Kort- of langbroek, mosterdkleurige hemp met wapen op sak, skoolbaadjie, lang skoolkouse en swart plathakskoolskoene met inrygveters (geen stewels).

**Gordels (belde)**

- Slegs swart gordels.
- Geen versiering/plaatjies word op gordels toegelaat nie.

**Skoene**

- Slegs voorgeskrewe skoolskoene, soos beskikbaar by die leweransier, sal toegelaat word.

**Oefenklere**

- Oefendrag moet behoorlik en gepas wees vir beide seun- en dogtersportsoorte.

**HIERDIE REËLS GELD TE ALLE TYE WAT LEERDERS IN SKOOLDRAG GEKLEE IS, AL IS DIT BUITE NORMALE SKOOLURE.**

## 4. AFWESIGHEID

- Leerlinge mag nie die skoolterrein gedurende skoolure sonder toestemming van die hoof of adjunkhoofde verlaat nie.
- Indien 'n leerling gedurende skoolure opgelaai moet word, rapporteer hy/sy by die Algemene Kantoor nadat toestemming deur die vakonderwyser verleen is om die klas te verlaat. 'n Verlofbrief onderteken deur die ouer/voog moet reeds die vorige dag of die oggend van die betrokke dag, by die Ontvangsdames ingehandig word. Leerlinge mag slegs deur hul ouers of persone, in besit van 'n toestemmingsbrief/-e-pos van hul ouers/voog, die gronde verlaat.
- Daar sal ernstig teen klasglippers, drosters en stokkiesdraaiers opgetree word.
- Ouers/Voogde word versoek om dokter- en ander afsprake tydens skoolure tot die minimum te beperk.

PARAAF VAN OUER:

## 5. SKOOLFUNKSIES/BYEENKOMSTE

- Alle sportbyeenkomste word in skooldrag bygewoon.
- Skooldrag bly verpligtend vir enige skoolaangeleentheid, tensy anders gereël.

## 6. VERBODE MIDDELS

- Rook en damprook is vir alle leerlinge op die skoolterrein, in geboue of klaskamers, verbode. Leerlinge mag nie in skooldrag buite die skoolterrein rook of damprook nie. Daar sal ernstig teen oortreders opgetree word. Leerlinge mag nie in besit van alkohol, vuurhoutjies, tabak, damprooktoestelle, e-sigarette of aanstekers wees nie.
- Daar sal baie streng opgetree word teen enige leerling wat hom/haar skuldig maak aan die inbring en/of gebruik van alkoholiese drank op die skoolterrein of in 'n skoolgeassosieerde situasie of wat alkoholiese drank gebruik het en daarna die skoolterrein betree.
- Dit word as ‘n baie ernstige oortreding beskou indien ‘n leerling in besit is van/ positief toets vir of gebruik van enige dwelms, narkotiese-, verslawende- of verbode middels. So ‘n leerlinge sal aan toepaslike dissiplinêre prosedures onderwerp word.

## 7. GEDRAG

- Geen gevaarlike speletjies mag gespeel word nie.
- Geen boeliegedrag of afknouery sal geduld word nie.
- Leerlinge mag nie klippe, kluite of enige soortgelyke voorwerpe gooi nie.
- Geen papier of enige rommel mag op die skoolterrein gestrooi word nie.
- Leerlinge moet te alle tye die Jansieraad gehoorsaam en mag nie teëpraat nie.
- Leerlinge moet 'n personeellid vriendelik en met respek aanspreek, bv. Meneer of Juffrou.
- Leerlinge mag slegs persone buite die skool kontak met die hulp van die Ontvangskantoor se dames.
- Enige fisieke kontak tussen seuns en dogters (onder andere hande vashou) is verbode.
- Selfone mag nie tydens periodes aangeskakel wees nie. Indien 'n leerling met sy selfoon sou besig wees, word dit geneem en kan dit teen 'n boete van R150.00 by die kantoor teruggekoop word.
- Leerlinge wat baklei op die skoolterrein maak hulle skuldig aan 'n baie ernstige oortreding. Sodanige leerlinge sal vir 5 dae geskors word.
- **Ernstige oortredings sal lei tot skorsing en dissiplinêre optrede.**

## 8. SKOOLTERREIN

- Leerders mag nie voorskool, tydens pouses of na skool in die klaskamers, in die geboue of by die motors vertoef of speel nie.
- Kleedkamers moet te alle tye netjies gehou word en is nie vergader- of speelplekke nie.
- Slegs leerlinge in besit van ‘n geldige motor/motorfietslisensie mag hul motors of motorfietse word op die terrein parkeer mits skriftleike toestemming deur die skool verleen is.
- Gedurende pouses word geen leerling, behalwe die Jansieraad, op die stoepe, voor die pawiljoen, op die atletiekveld en by die personeelvoertuie toegelaat nie.
- Geen senior word in die junior-kleedkamers toegelaat nie.
- Geen junior word in die senior-kleedkamers toegelaat nie.
- Tydens loslitdae geld die skoolreëls soos voorgeskryf.
- Tasse moet tydens pouses en voor skool op die aantreeblad regoor die betrokke klasnommer geplaas word (sodoende word diefstal beperk). Geen tasse mag op die skoolterrein - veral by die kleedkamers en in die sirkel - rondstaan nie.

PARAAF VAN OUER:

## FINANSIËLE ONDERNEMING DEUR OUER/VOOG

1. Ons doen hiermee aansoek om die kind van wie die naam op hierdie vorm verskyn, as leerder by die Hoërskool Dr. E.G. Jansen in te skryf en verklaar dat hy/sy aan die basiese vereistes voldoen. Ek/ons verklaar hiermee dat ek/ons die ouers is en/of wettige toesig en/of voogdyskap oor die genoemde leerder het.

2. Ek/ons verklaar verder dat ek/ons nie 'n ongerehabiliteerde insolvent is nie, dat ek/ons nie onder administrasie geplaas is nie en dat ek/ons nie onder bevel van skuldhersiening is nie. Ek/ons verklaar verder dat ek/ons nie in proses of in aanloop van enige van bogaande is nie.

3. Ek/ons onderneem om by die reëls en dissiplinêre kode van die skool te hou, sowel as by die onderskeie veranderings in die reëls en dissiplinêre kode wat van tyd tot tyd gemaak mag word. Ek bevestig dat ek/ons kennis dra van die tersaaklike skoolreëls.

4. Ek/ons begryp en bevestig dat die hoof of enige sodanig gemagtigde persoon in die plek van die ouer/voog sal optree in enige omstandighede en gedurende enige tyd wat my/ons kind aan die sorg van die skool toevertrou is.

5. Ek/ons begryp dat, alhoewel elke redelike poging aangewend sal word om verlies of skade aan leerders se klere en besittings te verhoed, die skool nie aanspreeklik gehou kan word nie.

6. Ek/ons onderneem om die skool te vergoed vir enige skade aan skooleiendom wat deur ons kind veroorsaak is.

7. Ek/ons onderneem gesamentlik en afsonderlik om die skoolgelde te betaal en ek/ons begryp dat:

   7.1 Die jaarlikse skoolgelde 'n bedrag is soos deur die meerderheid van ouers by die Algemene Jaarvergadering goedgekeur. Ek/ons bevestig dat ek/ons ingelig is wat hierdie bedrag is en bevestig ek/ons dat ons hierdie bedrag kan bekostig.

   7.2 Daar vir sekere vakke sekere heffings is wat apart van die voorgeskrewe skoolgelde betaalbaar is en aanvaar ek/ons hiermee aanspreeklikheid vir betaling van sodanige heffings.

   7.3 'n Aanvangsbetaling, soos deur die Beheerliggaam goedgekeur, moet hierdie aansoek vergesel. Die bedrag sal van die vasgestelde verpligte skoolgelde afgetrek word. Sou die leerder nie aanvaar word nie, sal hierdie bedrag aan die ouer terugbetaal word by ontvangs van 'n geskrewe aansoek van die ouer en die voorsiening van bankbesonderhede vir 'n terugbetaling. Indien 'n leerder aanvaar word, is die deposito nie terugbetaalbaar nie.

   7.4 Die oorblywende deel van skoolgelde in paaiemente afbetaal mag word. Die 1ste paaiement is betaalbaar op die 1ste Januarie en daarna op elke laaste werksdag van elke maand waarvan die laaste paaiement op 31 Oktober betaal moet wees.

   7.5 Kragtens Artikel 39 van die Suid-Afrikaanse Skolewet, is alle ouers/voogde aanspreeklik om verpligte skoolgelde te betaal. Kragtens Artikel 40 van die Suid-Afrikaanse Skolewet, mag die skool betaling van hierdie verpligte gelde afdwing.

   7.6 Ek/ons verantwoordelik is om alle regskostes te betaal, insluitende prokureursfooie op prokureur-kliëntskaal en invorderingsgelde wat deur die skool aangegaan is; ingeval die skool geregtelike stappe moet neem om skoolgelde in te vorder waar ek/ons versuim om skoolgelde te betaal.

   7.7 Gelde is aan die einde van elke maand betaalbaar; indien dit nie vooruitbetaal of ten volle betaal is nie.

   7.8 Indien betaling van skoolgelde nie voor die 7de van elke maand ontvang is nie, sal die skool hom die reg voorbehou om rente teen 2% per maand op alle agterstallige rekeninge te hef.

PARAAF VAN OUER:

   7.9 Ek toestem dat indien ek versuim om enige paaiement op tyd te betaal, die skool sonder kennisgewing aan my, met kredietnavrae voort mag gaan en vir vonnis vir die bedrag uitstaande aansoek mag doen.

7.10 Ouers, wat nie in staat is om skoolgelde te betaal nie, om vrystelling daarvan aansoek mag doen.

7.11 Alle betalings aan die skool by die betalingskantoor (Finansies) gemaak sal word of in die volgende bankrekening: **ABSA, Tjekrekening, Takkode: 632005, Rek.No: 230390126** by enige ander adres soos van tyd tot tyd deur die skool bepaal, vrygestel van enige aftrekkings of kostes.

8. Ek/ons onderneem om skriftelik kennis te gee van enige voorneme om my/ons kind uit die skool te haal en om alle boeke/of toerusting in ons kind se besit wat aan die skool behoort, terug te besorg.

9. Ek/ons gee toestemming dat ons kind toegelaat word om opvoedkundige en psigometriese toetse in groepsverband, soos deur die direkteur van onderwys goedgekeur, te ondergaan.

10. Ek/ons onderneem dat, sou ons kind die verpligte skoolgaande ouderdom (15 jaar) oorskry, hy/sy die skool gereeld sal bywoon en slegs om mediese of ander aanvaarbare redes afwesig sal wees.

11. Ek/ons begryp dat die skool hom die reg voorbehou om alle inligting in hierdie aansoek vervat te kontroleer. Sou enige vals dokumentasie ingedien word, behou die skool hom die reg voor om n kriminele klag van bedrog teen enige van die partye tot hierdie aansoek aanhangig te maak.

12. Ek/ons aanvaar die verantwoordelikheid om ons kind/kinders teen aansteeklike siektes en normale infeksies te laat immuniseer en sal bewys daarvan lewer indien dit versoek word.

13. Ek/ons aanvaar die verantwoordelikheid van die leerder se vervoer na en van die skool.

14. Ek/ons onderneem om die hoof te verwittig van ons kind/kinders se afwesigheid van die skool. Ouers/voogde onderneem om n mediese sertifikaat te toon indien dit vereis sou word.

15. Ek/ons onderneem om die skool se konstitusie en beleid van toelating, soos deur die Beheerliggaam van die skool bepaal en toegepas word, te handhaaf.

16. Ek/ons begryp dat rook/damprook in skooldrag en die gebruik van enige dwelms of alkohol in skooldrag 'n oortreding van belangrike skoolreëls is wat nie onder enige omstandighede geduld sal word nie en tot skorsing en uitsetting kan lei.

17. Die ondertekenaar(s) van hierdie vorm gee hiermee onderstaande domicilium citandi et executandi as wettige woonadres op. In die geval van enige adresverandering moet ouers die skool skriftelik in kennis stel onmiddellik na so verandering.

18. Hierdie verbintenis sal in sy geheel van krag bly vanaf die dag van ondertekening daarvan deur die ouer/voog tot op die dag waarop die leerder die skool amptelik verlaat.

19. Ek kies hierby die volgende adres, naamlik

______________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________

of enige ander adres waarvan ek die skool mag verwittig, as my domicilium citandi et executandi vir alle doeleindes van hierdie Erkenning van Skuld en vir die doel van enige kennisgewing wat in verband daarmee beteken word.

**20. Hierdie ooreenkoms bly geldig vir die volle tydperk van die leerder se verbintenis tot die skool.**

PARAAF VAN OUER: [ ]

21. **Beskerming van persoonlike inligting**

As ouer/voog aanvaar ons dat die inligting vrywilliglik voorsien is en mag die skool:

21.1 Die data stoor in sy lêers en elektroniese stelsels;

21.2 Dit gebruik om akademiese, bywonings-, gedrags- en ander skoolverwante rekords saam te stel;

21.3 Die voorsiende en saamgestelde data vir die doeleindes van die inskrywing, vordering van die leerder, om ouers te kontak; om die leerder in 'n klas te plaas, om hom/haar in te skryf vir eksamen, kompetisies, ligas, ens. om registers op te dateer en navorsing en verslagdoening oor die skool se demografie en prestasies te doen, gebruik;

21.4 Om waar dit vereis word vir skoolrapporte, getuigskrifte en vertroulike verslae vir statistiese doeleindes of navorsingsdoeleindes wanneer wetlik daartoe verplig word, te voorsien;

21.5 Indien die leerder tot die skool toegelaat word, verleen ek hiermee toestemming/verleen ek nie toestemming dat foto's geneem mag word vir bemarkingsdoeleindes nie; en

21.6 Deur tot die bepalings van hierdie toestemmingsvorm in te stem, gee u uitdruklik toestemming dat u inligting vir Bemarkingsdoeleindes verwerk mag word, en verstaan u dat deur toestemming te gee, u bemarkingsmateriaal in die vorm van SMS'e, e-posse en dies meer van die skool kan ontvang.

Merk asseblief u antwoord hieronder :

Ek stem in ☐ Ek stem nie in nie ☐

| | |
|---|---|
| | |
| HANDTEKENING VAN OUER/VOOG | DATUM |

Die ouer/voog verklaar hiermee dat hy/sy die kind se ouer of wettige voog is en daarom gemagtig is om hierdie dokument te onderteken en verbind hom/haar daartoe, in sy/haar persoonlike hoedanigheid.

Geteken te ______ op hierdie dag ______ van ______ 20 ______

| | |
|---|---|
| | |
| Handtekening van Vader/Voog<br>Wat hom hiermee as skuldenaar bind | Handtekening van Moeder/Voog<br>Wat haar hiermee as skuldenaar bind |
| | |
| Volle naam en van | Volle naam en van |

## WYSE VAN BETALING

**Kies die blokkie van u keuse vir betaling :**

1. ☐ Eenmalig voor einde-Desember (volle bedrag minus afslag soos deur die Beheerliggaam bepaal).
2. ☐ Elf gelyke maandelikse paaiemente vanaf 1 Januarie tot 31 Oktober (Gr. 8 - 11).
3. ☐ Tien gelyke maandelikse paaiemente vanaf 1 Januarie tot 30 September (Gr. 12).
4. ☐ Per debietorder met die volgende bankbesonderhede (eerste paaiement betaalbaar 1 Januarie en daarna op elke laaste werksdag van elke maand).

## DEBIETORDEROPDRAG

Neem asseblief kennis van die volgende belangrike inligting ten opsigte van die voltooiing van die debietorder:

1. Onvolledige, nie-voltooide en halfvoltooide vorms kan nie aanvaar word nie.
2. Maak seker van alle inligting sodat prosessering noukeurig kan plaasvind.
3. Handig die oorspronklike voltooide debietordervorm by die Finansiële Kantoor in.

| | | |
|---|---|---|
| **Naam en Van** | | |
| **Graad** | | |
| **Aantal leerders volgende jaar in hierdie skool** | | |

**Bankbesonderhede van rekeninghouer:**

| | |
|---|---|
| **Voorletters en van** | |
| **Selfoonnommer** | |
| **Bank** | |
| **Taknaam** | |
| **Taknommer** | |
| **Rekeningnommer** | |
| **Tipe rekening (lopende, spaar of transmissie)** | |

HIERMEE GEE EK VOLMAG DAT HOëRSKOOL DR. E.G. JANSEN DIE BEDRAG VIR SKOOLGELDE SOOS VASGESTEL PER DEBIETORDER MAANDELIKS VAN MY BANKREKENING MAG VERHAAL. (SOOS HIERBO AANGEDUI)

HANDTEKENING VAN OUER

**VOORWAARDES**

1. Indien die betaling van 'n debietorder op ‘n eerste geleentheid deur die bank geweier word, moet die bedrag direk by die skool inbetaal word.

2. Administrasiekoste word gehef vir onbetaalde debietorders.

3. Indien 'n debietorder 'n tweede geleentheid geweier word, sal dit nie weer vir betaling aangebied word nie en word u aanspreeklik gehou vir die vereffening van die volle skoolgelde.

4. Hierdie magtiging kan deur my/ons gekanselleer word met ‘n 30 dae vooraf skriftelike kennisgewing aan die skool. Geen terugbetaling van enige bedrae, wat onttrek is deur die skool, sal terugbetaal word indien sodanige bedrae regtens aan die skool verskuldig was nie.

5. Ek/ons verstaan dat die onttrekkings wat hiermee gemagtig word, deur ‘n rekenaar verwerk sal word deur middel van ‘n stelsel bekend as die ACB-magneetbanddiens. Besonderhede van elke onttrekking sal op my/ons bankstaat gedruk wees.

6. Ek/ons stem in om enige bankkoste met betrekking tot hierdie debietorderopdrag te betaal.

7. Hierdie debietorderopdrag dien as opdrag aan my/ons bank om die maandelikse aftrekking te maak.

8. OORDRAG. Hierdie opdrag mag aan geen derdeparty afgestaan of sedeer word sonder my/ons skriftelike toestemming wat vooraf verkry is nie en dat ek/ons geen van my/ons verpligtinge ingevolge hierdie kontrak/magtiging aan ‘n derde party mag delegeer sonder die skriftelike toestemming wat vooraf verkry is nie.

Onderteken te BOKSBURG op hierdie ______________ dag van 20 ____

HANDTEKENING VAN REKENINGHOUER ______________________

## FINANSIËLE VRYSTELLINGSINLIGTING

Ouers moet elke jaar persoonlik 'n nuwe vrystellingsaansoek voor 28 Februarie by die skool inhandig. 'n Skriftelike motivering vir laat-indiening (na 28/2) word vereis. Slegs dan sal aansoeke van nuwe leerders en ouers, wie se finansiële omstandighede skielik verander het, oorweeg word.

Leerder/s wat volgende jaar in die skool gaan wees :

| | | | |
|---|---|---|---|
| Volle naam en van van leerder | | Graad | |
| Volle naam en van van leerder | | Graad | |
| Volle naam en van van leerder | | Graad | |

**SUID-AFRIKAANSE SKOLEWET, NR. 84 VAN 1996**

Regulasies vir die vrystelling van ouers van die betaling van skoolgelde

1. Die skool het my/ons ingelig oor die betaling van die jaarlikse skoolgeld.
2. Dit is aan my/ons duidelik gemaak dat ons verplig is om die skoolgeld te betaal.
3. Ek/ons is bewus van die feit dat ons geregtig is om aansoek te doen om vrystelling van die betaling van skoolgeld.
4. Ek/ons is van voorneme /is nie van voorneme om vir die genoemde vrystelling aansoek te doen. **(onderstreep waar toepaslik)**

Ek/ons verstaan dat om in aanmerking te kom vir die vrystelling van skoolgeld, die korrekte vorms by die skool se finansiële kantoor afgehaal moet word. Die genoemde vorms moet volledig ingevul word en saam met die relevante dokumentasie persoonlik by die finansiële kantoor ingehandig word. Ek verstaan dat die skool moet funksioneer en dat enige en alle kostes gedra moet word deur ander betalende ouers.

| | | |
|---|---|---|
| Naam van ouer/s | | |
| Handtekening | | |

F. ERASMUS / C. SMITH

ADJUNKHOOF

## VRYWARINGSVORM

1. Ek gee hiermee toestemming dat my seun/dogter aan buitemuurse aktiwiteite van die skool mag deelneem en toere en uitstappies mag meemaak wat vir die beoefening daarvan nodig is.

2. Ek aanvaar dat alle redelike voorsorg getref sal word vir die veiligheid en welstand van my kind. Verder aanvaar ek ook dat ek verantwoordelik gehou sal word vir die betaling van mediese en/of hospitaalrekeninge.

3. Ek dra my magtiging as ouer/voog aan die hoof van die skool of sy verteenwoordiger oor, indien mediese behandeling/chirurgie vir my kind nodig mag wees. Sover ek weet, is hy/sy fisiek in staat om aan die genoemde aktiwiteite deel te neem en verkeer hy/sy in goeie gesondheid.

4. Ek vrywaar die skool van enige verlies of skade aan my kind se eiendom.

5. Ek gee ook toestemming dat Hoërskool Dr. E.G. Jansen foto's van my kind in verband met skoolaktiwiteite op sosiale media mag plaas.

6. Die toestemming/magtiging hierin verleen, sal van krag bly totdat ek dit skriftelik herroep.

Geteken te ________ op hierdie ____ dag van ____________ 20____

______________________

OUER/VOOG

## VEREISTE DOKUMENTASIE

**DIE VOLGENDE DOKUMENTE MOET HIERDIE INSKRYWINGSVORM VERGESEL:**

1. Bewys van verblyf (munisipale rekening).
2. Die leerder se nuutste skoolrapport.
3. Twee onlangse ID-grootte foto's van die leerder wat aan hierdie vorm aangeheg moet word.
4. 'n Afskrif van die leerder se geboortesertifikaat.
5. Afskrifte van **<u>BEIDE</u>** ouers/ voogde se ID-dokumente.
6. **NB :** NUWE leerders moet 'n **oorplasingsertifikaat**, 'n afskrif van hulle **nuutste skoolrapport** en **ID-Dokument** ook indien.
7. 'n Gedragsverslag oor die leerder van sy/haar se vorige skool.

## ONDERNEMING DEUR OUER / VOOG EN LEERDERS

Ons verklaar dat :

1. Ons die vorm volledig ingevul of die nodige veranderinge aangebring het en dat die besonderhede waar en korrek is;
2. Ons ons van die skoolreëls vergewis het en dat ek/ons as ouers/voogde my/ons kind/ers sal aanspoor om dit na te kom;
3. Ons bewus is dat oortreding van hierdie reëls optrede soos van tyd tot tyd deur die tugkomitee, hoof en beheerlliggaam geneem word, vereis; en
4. Indien ek/ons nie geld aan die skool verskuldig, betaal nie, die Hoërskool Dr. E.G. Jansen geregtig sal wees om regstappe te neem en sal ek/ons vir alle regskoste in verband met die invordering van die verskuldigde geld verantwoordelik sal wees; en indien een paaiement nie op die vervaldatum betaal word nie, die volle uitstaande bedrag onmiddellik opeisbaar en betaalbaar sal wees.

Volgens die Skolewet en Staatskoerant, nr. 29311 van 18 Oktober 2006, moet alle ouers jaarliks formeel ingelig word van hul reg om aansoek te doen om gedeeltelike, volle of onvoorwaardelike vrystelling van die betaling van skoolgelde. Hierdie skrywe dien as sodanige kennis.

Geteken te Boksburg op hierdie __________ dag van _________________________ 20___.

Handtekening van ouer/voog

## DOKUMENTASIE

'n Afskrif van die leerling se ID-dokument of geboortesertifikaat moet in die ruimte hieronder vasgeplak word.

| **Plak afskrif van ID-dokument of geboortesertifikaat hier** |
|---|
| |

| **Plak twee onlangse ID-foto's hier** | | |
|---|---|---|
| | | |

**VIR KANTOORGEBRUIK**

| REGISTRASIE | Datum Lêer Ontvang | Datum na Onderhoof/Bemarking Aangestuur | Paraaf |
|---|---|---|---|
| ONTVANGSKANTOOR | | | |

| ONTVANGSKANTOOR | JA | NEE | MOTIVERING |
|---|---|---|---|
| Gedragsverslag | | | |
| Oorplasingskaart | | | |
| Ed.Lab-kaart | | | |
| Bewys van verblyf | | | |
| Pa/Voog se ID-afskrif | | | |
| Ma/Voog se ID-Afskrif | | | |
| Leerling se afskrif van ID/Geboortesertifikaat | | | |
| Afskrif van rapport van vorige skool. | | | |
| Is alle bladsye deur ouers geteken. | | | |
| HANDTEKENING: | | | |

| FINANSIES | JA | NEE | MOTIVERING |
|---|---|---|---|
| AANVANGSFOOI | | | |
| HANDBOEKGELDE | | | |
| HANDTEKENING: | | | |

| ADJUNKHOOF/ BEMARKING | JA | NEE | MOTIVERING |
|---|---|---|---|
| Onderhoud met ouers en leerling | | | |
| Leerling AANVAAR | | | |
| Rooster gegee | | | |
| Onderneming op bl. 16 geteken. | | | |
| HANDTEKENING: | | | |

**GEEN LEERLING WORD INGESKRYF ALVORENS AL HIERDIE BLOKKIES AFGEMERK EN VOLTOOI IS NIE.**

**FINALE GOEDKEURING: HANDTEKENING VAN DIE SKOOLHOOF:**

| |
|---|
| |